191. T. 7 (96)

OPSOMMING

# KONVOKASIE, U.S., 7/2/78

## I ALGEMEEN

Universiteite is nasionale besit; hulle behoort aan die land en sy mense.

Ofskoon hulle in sekere streke geleë is - en dus gewoonlik min of meer intiem met daardie streke geassosieer word - is hulle, wat aktiwiteit en betekenis betref, geensins gewestelik of streekgebonde nie, en reik hulle invloed ver buite die grense van die betrokke streke of distrikte of stede.

Dit is dikwels wel só dat universiteite in die eerste plaas in die behoeftes van sekere gemeenskappe voorsien, bv. 'n stadsgemeenskap, 'n streeksgemeenskap, 'n taalgemeenskap of 'n godsdienstige gemeenskap. Maar dit verander nie aan die feit dat hulle nasionale besit is en geroepe is om die hele maatskappy te dien nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat universiteite soms, juis deur hulle diens aan 'n bepaalde gemeenskap, daardeur onregstreeks die hele maatskappy dien. Dit is iets wat uit die aard van die saak veral vir ons eie land geld, waar ons binne een groot maatskappy 'n sterk geaksentueerde pluraliteit het.

In die lig van die voorgaande is dit logies en korrek dat universiteite - soos in ons land konsekwent gebeur het - deur 'n wet van die nasionale wetgewende mag, die Parlement, in die lewe geroep word, en dat hulle, as hulle eenmaal gestig is, onder die nasionale regering opereer. Provinsiale of ander lokale liggame het nie seggenskap oor hulle nie;

ofskoon dit verstaanbaar is dat universiteite as outonome instansies, ooreenkomste of kontrakte met lokale liggame mag aangaan. Hierin lê daar egter geen kwalifikasie van die fundamentele gedagte nie, nl. dat universiteite onder die nasionale wetgewing en die nasionale uitvoering ressorteer.

As 'n mens dit alles aanvaar - soos ons seker almal doen - sal ons verstaan dat veral twee implikasies hieruit voort=vloei: dat universiteite regstreekse belang het by die beleid van die Staat, met name soos dit hulle raak en dat hulle hulle ook - waarderend of krities - oor maatreëls van die Staat, weer veral soos hulle daardeur geraak word, sal uitspreek.

En tweedens: dat die Staat regstreekse belang by die univer=siteite het, en dat hy die versekering sal moet hê dat hulle optree in ooreenstemming met die vryhede en beperkinge, wat ooreenkomstig hulle eie wette en statute en ooreenkomstig die gemeenskaplike statuut van universiteite, vir hulle geld. Die Staat sal veral daarin geïnteresseerd wees dat hulle die groot bedrae wat hulle van die Staat ontvang, in ooreen=stemming met neergelegde prosedures aanwend.

## II DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK

Op die gebied van die onderwys, insonderheid wat universiteite betref, sien ons voortdurende verandering; en miskien was die veranderinge van die afgelope twintig jaar in tempo en omvang, meer dramaties as ooit tevore.

Daarom is dit nodig dat die universiteitswese van tyd tot tyd

diepgaande en omvattend ondersoek word, sodat die stappe wat deur nuwe tydsomstandighede vereis word, betyds gedoen kan word. Dit het in ons land aan die einde van die veertiger en begin van die vyftiger jare gebeur, met die ondersoek van die Holloway-Kommissie. Dit het enkele jare gelede weer gebeur, met die ondersoek van die Van Wyk De Vries-Kommissie; ons universiteite - ook die Universiteit van Stellenbosch - het ongeveer 1966 self om 'n ondersoek gevra.

Die Van Wyk De Vries-Kommissie het vyf jaar aan sy omvattende taak gewy, t.w. om al die belangrike aspekte van ons univer=siteitswese - veral die finansiële aspek - te ondersoek en aanbevelings met die oog op die toekoms te maak. Die Kommissie het ten slotte drie verslae ingelewer, twee interim verslae en sy hoofverslag. In 1975 het Regering en Parlement aandag gewy aan die bevindings en aanbevelings van die Kommissie.

Soos verwag kan word, is 'n groot deel van die Kommissie se tyd en aandag aan die finansiële sake van universiteite bestee. Daar was 'n voortdurende vermindering in die koopkrag van geld - 'n proses wat nog steeds voortgaan - en universiteite het hulle in ernstige geldelike nood bevind. Dit was die geval in Suid-Afrika, en inderdaad deurgaans in die Weste=like wêreld; selfs die ou private Amerikaanse universiteite, wat eertyds skatryk was en sonder owerheidshulp hulle taak verrig het, het in geldnood beland.

Die Kommissie het hom daarop toegelê om 'n geskikte subsidie=formule vir universiteite te ontwerp, d.w.s. 'n formule

waarvolgens die universiteite vir hulle lopende uitgawes gesubsidieer word. Onder hierdie formule word dan elke jaar die bedrag bepaal wat 'n universiteit vir lopende uitgawes ontvang. Maar die Kommissie moes ook aan die kapitale behoeftes van universiteite aandag wy: universi= teite moet geboue oprig, akademiese geboue, koshuise en geboue vir sosiale doeleindes; universiteite moet grond vir uitbreiding aankoop; en universiteite moet sportvelde aanlê en pawiljoene bou. Die kapitaal hiervoor moet gevind word; en dit kan in hoofsaak net op één manier gebeur, nl. deur middel van kapitale lenings. Daarom moes die Kommissie duidelikheid kry oor die beste wyse waarop die Staat univer= siteite kon help om die benodigde kapitaal te vind.

## III DIE ADVISERENDE RAAD OP UNIVERSITEITE

Die Kommissie het goed besef dat om dit alles - en nog veel meer - met welslae uit te voer, daar doeltreffende masjinerie moet wees. Een van die kernmeganismes waarmee hy vorendag gekom het, was die Adviserende Raad op Universiteite, wat die plek van die ou Adviserende Universiteitskomitee moes inneem en inderdaad 'n veel omvangryker taak moes uitvoer.

Die Regering het die aanbevelings van die Kommissie gunstig ontvang; en dié van finansiële aard - wat genoem is - asook dié in verband met die Adviserende Raad op Universiteite is deur die Kabinet goedgekeur en in werking gestel. Hier= voor was wetgewing nodig; en so kry ons die Wysigingswet op Universiteite, 1975, wat die samestelling en bevoegdhede van die Raad uiteensit en die Raad 'n statutêre liggaam maak.

Vir inligting mag net vermeld word dat die Raad uit tien lede bestaan, almal mense wat kennis van die tersiêre - veral universitêre - onderwys het. Hy adviseer die Minister van Nasionale Opvoeding oor 'n groot verskeidenheid van universitêre aangeleenthede, bv. kursusse, fakulteite, behoeftes van universiteite, stigting van nuwe universiteite, uitbreiding van bestaande universiteite, bepaling van subsidieë en kapitale lenings vir universiteite.

In wese lê die vernaamste betekenis van die Raad daarin dat hy 'n skakel vorm tussen die universiteite en die Regering, en spesifiek dan ook 'n skakel tussen die Universiteit van Stellenbosch en die Regering. Ek is dankbaar om te kan sê dat daar tussen die A.R.U. en die universiteite reeds 'n noue band van vriendskap en samewerking ontstaan het; en ek is veral verheug om dit meer bepaald ten aansien van die Universiteit van Stellenbosch te sê. Die Raad is dankbaar teenoor die Rektor, prof. J.N. de Villiers, vir die vriende=likheid en geredelikheid waarmee hy sy samewerking gee. Daardeur word die belange van die Universiteit van Stellen=bosch gedien, maar tegelyk ook - en veral ook - die belange van die universiteitswese van die hele Republiek.

## IV <u>TOEKOMSBELEID</u>

Ons het daarop gelet dat dinge in verband met die universi=teitswese nie stilstaan nie; en ook vandag staan dit nie stil nie. Die Universiteit van Stellenbosch ondervind dit self in hoë mate.

Die ou kampus van Stellenbosch het lankal reeds baie vol

Vir 1978 uitvoering van onderrig- en nav.-funksie
Ander (bv. rente, kap.-delging — R150 milj.
en ad hoc — R50 milj.



geword; en Stellenbosch was verplig om - as hy sy diens aan sy gemeenskap en maatskappy wou volhou - na buite uit te brei: Saldanha, Bellville, Parow. Hierdeur het die Universiteit sy eie terrein vergroot; hiermee het hy - wat eintlik hoofsaak is - sy betekenis van waarde vir Suid-Afrika vergroot. En nou het dit weer eens nodig geword: daar moet 'n satellietkampus te Durbanville gebou word.

Maar universitêre inrigtings het vandag baie duur geword: bestaande universiteite eis groot somme - sulke groot somme dat ons dit onder huidige omstandighede beswaarlik kan bekostig. En nuwe uitbreidinge - takke, kolleges of satellietkampusse of wat 'n mens dit ook al noem - is duur dinge. Dus moet met oorleg en omsigtigheid daarna gekyk word.

Dit is - soos ons opgemerk het - die taak van die A.R.U. om die Minister van Nasionale Opvoeding in verband met hierdie sake te adviseer. Universiteitsuitbreiding in Suid-Afrika kan nie maar lukraak - en seer seker ook nie bloot ter wille van die aansien of status van die een of ander universiteit - plaasvind nie; inteendeel, dit moet pas binne die raam van 'n groot nasionale beleid, wat ware landsbelange as eerste prioriteit stel.

Om toe te sien dat dít gebeur, is in die eerste plaas die funksie van die A.R.U., en hy is nou juis hard besig om aandag hieraan te gee. Nie net die Universiteit van Stellenbosch nie, ook verskeie ander universiteite beplan uitbreidinge buite hulle tradisionele setels: Wits, U.O.V.S., Kaapstad en

Rhodes. In al hierdie gevalle sal die A.R.U. versigtig ondersoek instel en 'n verantwoorde aanbeveling aan die Minister maak. Ons bronne van fondse, mannekrag en leier=skap is begryplikerwyse beperk, en ons sal baie goed moet oppas dat ons hierdie bronne nie verby die kritieke punt gaan takseer nie.

Desondanks wil ek, as President van die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch, my Alma Mater gelukwens dat hy die beslistheid en geeskrag aan die dag lê om die groot en moeilike taak van 'n satellietkampus met mening aan te pak. Dit hou die belofte in om in die toekoms werklik iets moois, iets groots te word. Ons wens die Rektor, Raad en Senaat van ons Universiteit sukses en seën op hierdie groot werk toe.

H.B. THOM

7 Februarie 1978